# KAROO HOOGLAND MUNISIPALITEIT

# KENNISGEWING NR 027/03/2020

Karoo Hoogland Munisipaliteit lig hiermee die publiek in van die maatreëls wat vanaf 27 Maart 2020 by die Munisipaliteit in plek gestel sal word tot 16 April 2020, met verwysing na die 21 dae "lockdown" soos afgekondig deur die President:

*Die munisipaliteit versoek elke inwoner om gehoor te gee aan die President se Regulasies soos aangekondig die afgelope week.*

- Alle biblioteke en museums is gesluit.
- Geen toestemming vir die gebruik van enige publieke plekke soos sportgronde, - klubs, sale, braai areas, enige parke en sosiale plekke wat aan die munisipaliteit behoort nie.
- Slegs kassiere sal oop wees tydens die volgende tye:

  | | |
  |---|---|
  | Maandae & Woensdae: | 08:00 – 12:00 |
  | Dinsdae & Donderdae: | 14:00 – 16:30 |
  | Vrydae: | 08:00 – 10:00 & 14:00 – 15:00 |

- Alle huurders van munisipale eiendom moet gehoor gee aan die Regulasies om vervolging te voorkom.
- Essensiële munisipale dienste sal voortgaan soos gedurende die Desember-Januarie vakansies.
- Vullis sal steeds verwyder word soos normaalweg.
- Water- en elektrisiteitsdienste sal op bystand wees.
- Dreine en UDS toilette se skoonmaak kan opgegee word by 053 3913 003. U word versoek om eerder die nommer te gebruik (indien moontlik) en nie die kantoor te besoek hiervoor nie.
- U kan ook die "Whatsapp" nommers van die volgende dorpe gebruik om dreine op te gee of UDS te laat skoonmaak met die volgende teks : Versoek drein trek/uds skoonmaak, jou straat adres, jou dorp, jou naam en van
- Stuur bogenoemde aan een van die volgende nommers wat ook die Bystand nommers is:
  - Williston 066 056 2678
  - Fraserburg 066 077 5922
  - Sutherland 066 056 2811
- Rapportering van brande, rampe en pad-ongelukke: 10177
- Rapportering van ESKOM probleme: 0860 037 566
- Die publiek word versoek om eerder die munisipale personeel per epos te kontak of die webblad te gebruik vir inligting: www.karoohoogland.gov.za
- Alle Raadsvergaderings, komitee vergaderings asook wyks-vergaderings word uitgestel tot verdere kennisgewing.
- Alle GOP- en Begrotingsvergaderings met die publiek sal op 'n latere stadium plaasvind.
- COVID-19 Helplyn: 0800 029 999

**Navrae kan gerig word aan:**
Privaatsak X03, WILLISTON, 8920
*Tel : 053 3913 003 / Faks :053 3913 294 / Epos: karooadmin@karoohoogland.gov.za*

**MNR JJ FORTUIN**
*Munisipale Bestuurder*